LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

18-06-2018

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 22 VIR 2018

1 **HEIDELBERG EISTEDDFOD:**
Alle uitslae moes Vrydag, 1 Junie ingehandig gewees het. Slegs Kuns en Kreatiewe skryfkuns, het uitstel. Geen ander Heidelberg Eisteddfod uitslae sal meer aanvaar word nie. Kunsstukke se uitslae sal opgeskryf word sodra dit ontvang word. Kuns wat deur buite-instansies gedoen is, se sluitingsdatum vir uitslae word verskuif na Vrydag, 20 Julie 2018.

2 **SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD DEEL 1:**
Die Suikerbosrand Eisteddfod Deel 1 vind plaas vanaf 11-21 Junie by die TPA Saal in Heidelberg. Tye en datums-briefies is laasweek uitgedeel. Bring asb. uitslae, sertifikaat en repliek (Gr 1-3) asook naam van gedig/dramstuk na Juf. Lizelle en (Gr 4-7) na Juf. Helanie. Afsnydatum vir Suikerbosrand Eisteddfod uitslae is Vrydag, 20 Julie (eerste week na die skool begin het.) Geen laat uitslae word aanvaar nie.

3 **KOOR**:
- ONTHOU DAT BEIDE KORE SE FOTO'S WORD DINSDAG, 19 JUNIE 2018 GENEEM IN KOORDRAG.
- Neem kennis dat daar 'n tikfout op die koorbrief van die Juniorkoor seuns was. Hulle moet WIT HEMDE aan hê vir die Fotodag en nie grys soos die brief sê nie.

- Juniorkoor:
  - Juniorkoor oefenprogram is Maandag, 18 Junie vanaf 13:20 - 14:00.

- Seniorkoor:
  - Seniorkoorlede moet asb. by die oefeninge wees. Ons het 2 of 3 oefeninge oor voor Eisteddfod optrede. Reël asb. doktersafsprake/tandartsafsprake ens. op ander dae as dit moontlik is. Koor-oefening kom nie tot sy volle reg as almal nie daar is nie.
  - Seniorkoor oefenprogram:
    Woensdag - 20 Junie - BAIE BELANGRIKE KOOR OEFENING vanaf 13:30 - 15:45 - Almal moet asb. teenwoordig wees.

4 ATKV-REDENAARS:

Baie sterkte aan Elmien Labuschagne (Gr 6), Mieka Rabie (Gr 1) & Milan Rautenbach (Gr 3) wat Vrydag aan die 2de rondte van die ATKV by Hoërskool Transvalia deelneem. Ons hou duimvas.

5 AKADEMIESE UITSTAPPIE:

Vanjaar is ons Akademiese uitstappie op Woensdag, 18 Julie 2018. Gelde van R160 moes reeds betaal wees teen 12 Junie by die klasonderwyser. Indien u wil EFT, gebruik AKADEMIE/U KIND SE NAAM/GRAAD as verwysing.
Verdere inligting volg nader aan die tyd.

6 FOTODAG: 19 JUNIE 2018

Minisporte, rugby, netbal & skaak foto's, saam met die afrigters, word geneem. Onthou julle sportdrag. Rugbytruie moet ingegee word.
Beide kore word ook afgeneem, asook die spreekkoor.

7 VOLKIE NASKOOLSENTRUM:

Die naskoolsentrum sal gedurende die Junie-Julie vakansie oop wees.

Datum:	25 Junie tot 16 Julie
Tyd:	07:00 tot 17:15
Koste:	R60 per dag
Waar:	Juf Baulha se klas
Navrae:	Juf Baulha - 074 165 8891

8 **LANDLOOP 2018:**

Aangesien daar net 3 ligabyeenkomste is i.p.v. 4, moet atlete al 3 byeenkomste hardloop om te kwalifiseer vir D7.

27 Julie	-	Voorwaarts (Meyerton)
3 Augustus	-	Heidelberg/Laer Volkskool bied aan (venue sal deurgegee word)
17 Augusutus	-	Dick Fourie Stadion (Vereeniging)
25 Augustus	-	Sedibeng Oos - Isak Steyl Stadion (Vanderbijlpark)
1 September	-	Gauteng Kampioenskappe (venue sal deurgegee word)
28-29 September	-	Nasionale Kampioenskappe (Universiteit - Bloemfontein)

9 RAPPORTE:

Die rapporte word Donderdag, 21 Junie 2018 vanaf 17:00 tot 18:00 uitgedeel in die saal.

10 SKOOL SLUIT:

Die skool sluit Vrydag, 22 Junie 2018 om 10:00.

11 KRIEKET:

Krieketoefening begin op Donderdag, 19 Julie vanaf 14:00 by die krieketnette vir 0/11-1stes span.

Volkiegroete

P. STRYDOM: HOOF